



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

FEBRUARIE/MAART 2018

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 80

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 9 bladsye.

**AFDELING A: LEESBEGRIP
ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee 'n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE/DRIE na.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

VRAAG 1**TEKS A: KOERANTARTIKEL**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.1	(In) Noordwes(provinsie)	1
1.2	(Hulle het) eetgoed (aan skoolkinders) verkoop.	1
1.3.1	<ul style="list-style-type: none"> • Daar was nie altyd geld vir kos nie./Sy het soms honger gely. • Sy kon nie matriek/haar skoolloopbaan voltooi/skryf/klaarmaak nie. (Of soortgelyk aan bogenoemde) 	2
1.3.2	<ul style="list-style-type: none"> • Dit het haar gemotiveer om 'n eie besigheid te begin/ innoverend te dink. • Dit was die rede waarom sy die besigheid begin het. • Dit het haar gedwing om geld te verdien/ 'n manier te vind om te oorleef/om vir die gesin te kon sorg. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.4	<ul style="list-style-type: none"> • Haar ma was werkloos/het self nie geld gehad nie. • Haar ma/Sy was enkel(lopend)/Daar was nie 'n man wat kon help met geld nie. (Of soortgelyk aan bogenoemde) 	2
1.5	"seisoenwerker"	1
1.6	Sy/Esther plak die maatskappy se handelsmerk/logo op die pakkies (saad wat verkoop word). (Aanvaar nie seisoenwerker nie)	1
1.7	(Om met plastiek) te hekel	1
1.8	<ul style="list-style-type: none"> • (die mooiste) handsakke • (vrolikste) piekniekmandjies/mandjies 	2

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.9.1	<ul style="list-style-type: none"> • Esther help ander mense. • Esther skep werk vir vroue./leer vroue hekel. • Esther leer kinders met leerprobleme om met hulle hande te werk. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.9.2	Monsanto gee hulle afvalplastiek aan Esther.	1
1.10.1	<ul style="list-style-type: none"> • Net vroue het haar grootgemaak/'n rol in haar lewe gespeel. • Sy het self ervaar/beleef hoe swaar vroue kry. • Sy het besef dat vroue 'n gemeenskap kan dra. (Of soortgelyk aan bogenoemde) 	2
1.10.2	<ul style="list-style-type: none"> • Hulle sal nie kan verder studeer nie. • Esther/Sy leer die kinders om vir hulleself 'n toekoms te skep. • Om 'n inkomste te kry. • As die kinders iets kan doen, verbeter hulle selfbeeld. (Enige EEN) 	1
1.11	<ul style="list-style-type: none"> • Die mense praat met mekaar oor haar produkte/beveel haar produkte aan/hou van haar piekniekmandjies. • Die mense (van Lichtenburg) bestel/koop Esther se produkte. • “Dis op almal se lippe.” (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.12	<ul style="list-style-type: none"> • In Suid-Afrika gebruik ons mense (om herwinning te doen). • In ander lande word robotte gebruik (om herwinning te doen). (Die kandidaat moet albei noem om punte te verdien) 	2
1.13	paragraaf 4	1
1.14	<ul style="list-style-type: none"> • Mense gaan haar dophou (om te sien hoe sy vorder/of haar besigheid suksesvol is/of geld gaan maak). • Mense stel belang in haar vordering. • Mense ondersteun haar. • Mense weet van haar. • Mense glo sy gaan dit nog ver bring. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.15	"Dit is Esther se ideaal om eendag aan die stuur van haar eie, nog groter besigheid te staan."	1
1.16	<ul style="list-style-type: none"> • A • Esther het berge versit. • A Esther het berge versit. (Enige EEN) 	1

TEKS B: GRAFIEK		
VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.17	(Na) Augustus	1
1.18	Nederland	1
1.19	<ul style="list-style-type: none"> • Die bron is Statistiek Suid-Afrika. • Daar is navorsing gedoen. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
1.20	<ul style="list-style-type: none"> • Engels is een van Suid-Afrika se landstale. • Die meeste Suid-Afrikaners kan Engels praat. • Ons praat dieselfde taal. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
1.21	<ul style="list-style-type: none"> • A • toere na Suid-Afrika reël. • A toere na Suid-Afrika reël. (Enige EEN)	1
1.22	Nie almal ken die verskillende lande se landsvlae nie/kan die landsvlae identifiseer nie. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1
TOTAAL AFDELING A:		30

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 2****Nasien van die opsomming****LET WEL:**

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die feite soos deur die vraag oor die teks voorgeskryf.

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Punttoekenning:**
 - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
 - 3 punte vir taal
 - Totaal punte: 10
- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
 - 1-3 korrekte feite: 1 punt
 - 4-5 korrekte feite: 2 punte
 - 6-7 korrekte feite: 3 punte
- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
 - 6-7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
 - 1-5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

LET WEL:

- Antwoorde moet in **volsinne** wees.
- **Getal woorde:**
 - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
 - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
 - Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die 70-woordegrens nasien en die res van die opsomming ignoreer.

TEKS C: BEVEILIG JOU HUIS TERWYL JY VAKANSIE HOU

DIREKTE AANHALING		EIE WOORDE
<p>Hoe kan jy jou huis gedurende vakansies beveilig?</p> <p>Stel die polisie in kennis sodat hulle kan oplet wanneer hulle jou buurt patroleer. Inbrekers kom gou agter as daar nie lewe by 'n huis is nie. Daarom is dit raadsaam dat dit laat lyk of daar wel iemand tuis is. Daar is nogal heelwat dinge wat jy kan doen om die indruk te skep dat jou huis bewoon word. Vra vir jou buurman om 'n ogie oor jou huis te hou. As hy jou kontakbesonderhede het, kan hy jou kontak as daar 'n probleem is. Jy kan inbrekers bang maak met kennisgewings wat aandui dat daar slange in jou huis is. Hulle sal dan twee keer dink voordat hulle by jou huis inbreek. Dit is belangrik om die kragproppe van elektriese toestelle wat nie tydens jou vakansie gebruik gaan word nie, uit te trek. Dit sal verhoed dat jou huis as gevolg van 'n kortsluiting aan die brand slaan. Mense bêre dikwels hul huis se sleutel onder 'n blompot of bo-op die deurkosyn. Dit maak dit maklik vir inbrekers om toegang tot jou huis te kry. Jy moet dus keer dat inbrekers jou sleutel in die hande kan kry. Baie mense plaas persoonlike inligting op sosiale media; ook hulle vakansieplanne of foto's van waar hulle vakansie hou. Inbrekers weet dan dat jy nie tuis is nie. Speel eerder veilig en stuur selfoonboodskappe aan jou vriende as jy jou vakansiepret met hulle wil deel.</p>	<p>1</p> <p>2</p> <p>3</p> <p>4</p> <p>5</p> <p>6</p> <p>7</p>	<p>Jy moet die polisie laat weet as jy weggaan./Moenie weggaan sonder dat die polisie dit weet nie./Die polisie moet weet as jy weggaan.</p> <p>Laat dit lyk of daar iemand by die huis is./Moenie dat die skelms agterkom daar is niemand tuis nie.</p> <p>Vra vir jou buurman om na jou huis te kyk.</p> <p>Skrik inbrekers af met kennisgewings dat daar slange in jou huis is. (Aanvaar nie bloot afskrik met kennisgewings nie.)</p> <p>Trek die kragproppe van elektriese toestelle uit./Moenie elektriese toestelle aanlos tydens jou vakansie nie.</p> <p>Moenie 'n sleutel wegsteek waar inbrekers dit kan kry nie.</p> <p>Moenie op sosiale media verkondig dat jy nie tuis is nie. (Aanvaar ook: Moenie verkondig dat jy nie tuis is nie.)</p>
TOTAAL AFDELING B: 10		

**AFDELING C: TAAL
ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spelling:
 - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
 - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
 - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meerkeusevrae.

VRAAG 3**TEKS D: ADVERTENSIE**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.1	<ul style="list-style-type: none"> • Dit is in hoofletters. • Dit is in vetdruk. • Daar is 'n uitroepteken aan die einde van die sin. • Die ellips/beletselteken/stippels (Enige EEN) 	2
3.2	<ul style="list-style-type: none"> • Met spaar-saam-ig-heid word bedoel dat mense slim/goed met hulle geld moet werk. ✓ • Met spaar saam word bedoel dat twee mense saam moet spaar. ✓ (Of soortgelyk aan bogenoemde) 	2
3.3	jou	1
3.4	minder	1
3.5	Hulle maak hul beursies oop om te wys dis leeg.	1
3.6	brandarm	1
3.7	<ul style="list-style-type: none"> • C • manipulering. • C manipulering. (Enige EEN) 	1
3.8	huisversekering	1
		[10]

VRAAG 4		
TEKS E: SPOTPRENT		
VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.1	Gebruik/gebruik (Enige EEN) (<i>Neem is direk vertaal : to take your time = nie korrek nie</i>)	1
4.2	nêrens	1
4.3	<ul style="list-style-type: none"> • Die leeu is vasgemaak. • Die leeu huil. • Die leeu se stert hang. • Die leeu se gesig lyk hartseer. • Die leeu wys nie tande nie. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)	2
4.4	<ul style="list-style-type: none"> • D • versigtig moet wees. • D versigtig moet wees. (Enige EEN)	1
4.5	'n Mens sou dink 'n leeu is gevaarlik, ✓ maar die mens is gevaarliker. ✓ (Beide kante van ironie is nodig. Kandidaat kry 2 of 0.)	2
4.6	<ul style="list-style-type: none"> • Tot siens/Totsiens • tot siens/totsiens • Tatta/tatta • Wees gegroet. • Ek groet jou. (Enige EEN)	1
4.7	<ul style="list-style-type: none"> • Die leser moet 'n opinie vorm/standpunt inneem. • Die leser moet oor die kwessie dink/simpatie ontwikkel. • Die spotprentkunstenaar wil die leser betrek. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
4.8	<ul style="list-style-type: none"> • Die mans het gewere. • Die mans dra tipiese jagtersklere. • Die een man het 'n mes. • Die een man lê aan op die leeu. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
		[10]

VRAAG 5.1		
TEKS F: PROSA		
VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.1.1	soggens/smôrens	1
5.1.2	Jou selfoon is nie op die bedkassie nie .	1
5.1.3	bang/paniekerig/angstig/gestres/beklemd	1
5.1.4	Indien jy só oor jou selfoon voel, is die kans goed dat jy 'n selfoonverslaafde is. (Moet met die voegwoord begin)	1
5.1.5	bewys	1
5.1.6	negatiewe	1
5.1.7	reageer	1
5.1.8	Baie geld word deur selfoongebruikers aan selfoondienste spandeer.	1
5.1.9	Dit mag dalk nodig wees om jou selfoon 'n bietjie te bêre.	1
5.1.10	per-soon-li-ke (Dit kan op enige moontlike manier aangedui word.)	1
5.1.11	wat	1
5.1.12	Hulle sal hulle werk en hulle kinders ignoreer.	1
5.1.13	<ul style="list-style-type: none"> • Jy moet elke dag jou selfoongebruik eerlik evalueer. • Jy moet jou selfoongebruik elke dag eerlik evalueer. (Enige EEN)	1
5.1.14	ligte	1
		[10]

VRAAG 5.2		
TEKS G: PRENT		
VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.2.1	<ul style="list-style-type: none"> • Sjoe • Hoera • Jippie • Ai (Enige EEN)	1
5.2.2	My ouma het uitgeroep dat die reën 'n aangename verrassing is.	1
5.2.3	sambreel	1
5.2.4	warm	1
5.2.5	onweerswolke	1
5.2.6	reëndruppeltjies	1
		[6]
TOTAAL VIR AFDELING C: 40		
GROOTTOTAAL: 80		